

20

LIEFDESLEWE

Huwelik as uiting van liefde

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat die huwelik die ruimte is waarbinne 'n man en vrou 'n besondere band met mekaar kan hê.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet wat die Bybel oor die huwelik sê.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om die Here se leiding te vra in die toekomstige keuse van 'n huweliksmaat.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om die rolle van die man en die vrou in die huwelik te kan beskryf.

MEER INLIGTING (Genesis 1-3; Matteus 19: 1-12; Kolossense 3: 12-16; 1 Petrus 3: 1-7; Efesiërs 5: 21-33)

Die meeste mense word groot met die droom om eendag te trou en dan vir die res van hul lewe gelukkig saam te lewe. Die werklikheid is dat baie van ons drome aan skerwe spat. Die bewysstukke daarvan lê oral rondom ons – egskeidings en ongelukkige mense.

Om te trou, is waarskynlik die grootste besluit wat 'n mens kan neem. Party mense ontmoet hul huweliksmaats reeds op skool, daarom behandel ons hierdie saak reeds in graad 10. Baie belangrik: By die keuse van 'n lewensmaat moet ek die *hulp van God vra*, en binne die huwelik moet ek altyd volgens *die wil van God gaan lewe*. Wanneer kinders van die Here iets oor die huwelik wil weet, begin ons altyd by die Woord van God.

Ons lees reeds in Genesis dat God die huwelik ingestel het. Adam was 'n eensame man in die tuin van Eden. Daarom het God vir hom 'n lewensmaat geskep. God *gebruik die ribbebeen* van Adam om Eva te skep. Simbolies kan ons sê dat dit vir ons 'n boodskap het oor die

verhouding wat daar tussen man en vrou in die huwelik behoort te bestaan. *Man en vrou binne die huwelik is mekaar se naaste naaste.* Die Here het gesien dat Adam *alleen* was en daarom maak Hy vir hom 'n *helper, sy gelyke*. Dit was 'n daad van God se goedheid. God doen 'n goeie ding om ons as mekaar se helpers te maak. Toe God vir Eva gemaak het, het Adam nie voorskrifte gegee oor wie en wat sy vrou moet wees nie. Hy is aan die slaap gemaak. Hy moes Eva dus aanvaar soos sy was – met foute en al. Dat hulle foute gehad het, sien ons met die sondeval. Toe die *sonde* in die wêreld gekom het, het dit des te meer *noodsaaklik* geword *dat ons mekaar se helpers sal wees*. Alle mense het swakhede, daarom het ons mekaar as huweliksmaats baie nodig. Ons is dus *nie geskape om mekaar sleg te sê en te veroordeel* oor ons foute en sonde nie, maar juis om *mekaar te help, te dra, te ondersteun*. Ons is ook mekaar se gelykes – die een nie beter en belangriker as die ander nie. Almal in dieselfde bootjie – ewe sleg, ewe sondig. Adam en Eva was ook *kaal* toe die Here hulle geskape het. Dit kan 'n mens ook simbolies gebruik om te sê hulle moes *openlik en eerlik met mekaar wees* – niks hê om vir mekaar weg te steek nie. Juis toe hulle gesondig en verkeerd gedoen het, word hulle skaam, en toe kruip hulle vir God in die tuin weg, en vir mekaar agter klere. Die Here sê ook dat hulle *een sal wees*. Dit beteken hulle deel 'n *verantwoordelikheid vir alles* in hul lewe.

Ons moet die instelling van die huwelik hoog waardeer as 'n instelling van God. Vandag sien soveel mense die instelling van die huwelik as iets outyds, 'n verbintenis wat hulle nie nodig het om gelukkig te wees nie. So word die huwelik vandag gesien as iets waarmee God en geloof niks te make het nie. Hulle sien die huwelik bloot as 'n juridiese (wettige) kontrak tussen twee mense wat enige tyd beëindig kan word. Daarom leef ons in 'n wêreld vol gebroke gesinne en geskeides wat met 'n groot stuk seer in hulle rondloop.

Die Bybel leer ons nie net dat God die huwelik ingestel het nie, maar ook dat die huwelik 'n verbintenis tussen twee mense is wat alleen deur die dood van een van die huweliksmaats beëindig kan word. Ja, ons lees in Deuteronomium 24 dat God deur Moses aan die volk die vergunning gee om te kan skei, maar dit word steeds as sonde beskou. Om 'n suksesvolle en gelukkige huwelik te hê, moet ons weet dat man en vrou binne die huwelik met God te make het.

Daar is twee dinge wat noodsaaklik is vir 'n huwelik om te slaag:

- Ons moet weet hoe God wil hê huweliksmaats teenoor mekaar moet optree.
- Die keuse van die regte huweliksmaat is uiters belangrik en moet met gebed gepaardgaan.

Die keuse van 'n huweliksmaat is uiters belangrik vir 'n verrykende en langdurende huweliksverhouding. Jou huwelik gaan die een gebeurtenis wees wat die grootste invloed op jou lewe gaan hê. Die huwelik is 'n verhouding, en binne 'n verhouding is daar mense betrokke. Omdat die huwelik 'n permanente instelling is, is die keuse van die regte huweliksmaat van die grootste belang.

Wanneer ek die regte huweliksmaat wil kies, moet ek met my hart en my verstand kies. 'n Gevoel, kom ons noem dit aangetrokkenheid (die vlinders-in-die-maag-gevoel), bring gewoonlik twee mense van die teenoorgestelde geslag bymekaar uit. Hierdie gevoel noem ons verliefdheid. Op 'n gevoel van verliefdheid alleen kan mense nie 'n huwelikverhouding bou nie. Verliefdheid wat met gesonde verstand bestuur word, loop later uit op 'n liefdesverhouding tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag. Saam met my hart, my gevoel, moet ek ook met my verstand kies, sodat ek 'n realistiese en werkbare besluit neem.

Vrae wat ons met die verstand moet antwoord, is byvoorbeeld die volgende:

- Ken ek werklik hierdie ander persoon goed genoeg?
- Deel ons ons geloof en kan ons ons albei tuis voel in dieselfde kerkverband?
- Pas ons agtergronde en kultuur by mekaar?
- Stel ons in dieselfde dinge belang?

Die huwelik is 'n lewenslange proses van eenwording, 'n proses van groei na mekaar toe. Jy sal nooit iemand vind wat presies dieselfde as jy dink, voel of optree nie. 'n Man en 'n vrou is tog verskillend van mekaar en dis juis hierdie verskille wat twee mense die geleentheid gee om mekaar aan te vul. Voor ek my potensiele huweliksmaat goed leer ken, moet ek natuurlik ook myself goed ken. Ek moet weet wat vir my belangrik is. Ek moet weet wie ek is. Ek moet weet wat ek graag uit die lewe wil hê en waarheen ek op pad is. Ek moet weet wat my sterk- en swakpunte is. Presies dieselfde dinge moet ek van my potensiele huweliksmaat weet. Ek sal hierdie dinge net weet as ek die persoon oor 'n lang tyd leer ken. Alleen dan sal ek weet of ons mekaar sal kan aanvul en een kan word.

'n Christen is altyd in die eerste plek 'n Christen. Die Woord van God en Jesus Christus en sy kerk is die belangrikste in ons lewens. Wanneer ons oor enigiets in die lewe dink, begin ons by Hom. 'n Gelowige se lewe is op Jesus Christus, die Hoeksteen, gebou. Wanneer ek met iemand anders trou, moet sy of haar lewe ook op hierdie fondament gebou wees – anders stuur die huwelik op 'n ramp af.

Ons kerkverband speel ook 'n groot rol. Indien ons nie saamstem oor die wyse waarop ons die Here loof, aanbid en dien nie, sal ons verhouding met Jesus Christus skade ly, en so ook ons huwelik. Wanneer daar later kinders in hierdie huwelik gebore word, ontstaan die vraag altyd: In watter kerk gaan ons die kinders grootmaak? As die pa en ma nie aan dieselfde kerk behoort nie, raak die kinders verward en later selfs kerklos en kerkloos. Daar moet ook eenstemmigheid wees oor sekere geloofspunte soos die doop. Indien huweliksmaats uit verskillende kerkverbande kom, is dit nie onversoenbaar met mekaar nie, maar daar sal voor die huweliksbevestiging uitgeklaar moet word waar toegewings gemaak word en by watter kerk ingeskakel gaan word.

Nie een van ons het uit die lug geval nie. Huweliksmaats kom ook nie uit dieselfde huis uit nie. Daarom verskil ons agtergrond en opvoeding. Mense gaan van mekaar verskil oor hoe 'n huishouding byvoorbeeld funksioneer. Daarom moet potensiele huweliksmaats gereeld in mekaar se ouerhuise kuier om hierdie verskille te leer ken en daaroor met mekaar te praat en oplossings te vind wanneer die verskille groot is. Ouers se rolle in 'n huishouding verskil ook van een huis na die ander. Ek moet leer hoe my aanstaande skoonouers as rolmodelle vir hul kinders optree, want my aanstaande huweliksmaat gaan tien teen een ook so dink en doen. Opvoedkundige kwalifikasies speel ook 'n rol. Die tipe werk wat jy gaan doen, gaan bepaal met wie jy assosieer, wat jou belangstellings is, wie jou kollegas en selfs jou vriende is. As dit 'n kloof tussen julle kan veroorsaak, gaan dit ook spanning bring wat met omsigtigheid hanteer moet word.

Verder is dit ook aan te beveel dat mense uit dieselfde kultuurgroep met mekaar trou. Mense uit die Westerse kultuur pas nie so maklik aan by iemand uit die Afrikakultuur of Oosterse kultuur nie, en andersom. Dis nie onmoontlik vir huweliksmaats uit twee verskillende kultuuragtergronde om te trou nie, maar dit bly 'n wesenlike faktor wat altyd 'n rol in die huweliksverhouding gaan speel. Hier praat ons byvoorbeeld nie net oor iets soos taal nie,

maar oor baie ander gewoontes en gebruike. Kultuurverskille kan groot konflik veroorsaak, nie net tussen huweliksmaats nie, maar ook met hul ouers, familie en vriende.

Wanneer ons praat oor gedeelde belangstellings, moet ons weet dat twee mense nooit presies dieselfde belangstellings sal hê nie. Dit is ook goed so. Tog moet daar genoeg gedeelde belangstellings wees sodat huweliksmaats dinge saam kan geniet, tyd saam kan deurbring en mekaar kan aanvul. As een byvoorbeeld 'n buiteligmens is en die ander nie, kan dit lei tot konflik. Aan die ander kant moet daar ook ruimte wees dat elkeen sy eie belangstellings sal hê, anders kan huweliksmaats mekaar later heeltemal versmoor.

In die wêreld waarin ons elke dag leef, is geld noodsaaklik. Wat belangrik is, is nie ryk of arm nie, maar dat ek en my huweliksmaat dieselfde moet dink oor geld – oor inkomste, lewenstyle, hoe geld spandeer word en wie daarvoor beheer het. Hierdie saak moet ook voor die huwelik uitgeklaar word, anders kan geld huwelike verwoes.

Ons moet ongelukkig ook wanneer ons iets oor die huwelik sê, praat oor egskeiding. Egskeiding is sonde en laat 'n lewenslange letsel op albei partye, en op die kinders wat daardeur geraak is. Daarom moet egskeiding altyd die heel laaste uitweg wees. Versoening en liefde kom van God af. As 'n Christen moet ek daarom bereid wees om die versoening en liefde wat ek elke dag van God ontvang, aan my huweliksmaat te gee. Onthou: Ek is 'n sondaar en ek trou met 'n sondaar.

Die kerk aanvaar dat daar ook vir die geskeides vergifnis by God is. God is 'n God van liefde, maar die Bybel leer ons ook dat God se vergifnis opregte berou oor ons sondes vra. Die kerk moet met elke lidmaat wat skei, die pad van opsig en tug loop (troos en vermaan). 'n Egskeiding is 'n traumatiese ervaring, nie net vir die egpaar nie, maar ook vir hul ouers en grootouers, en veral vir die kinders uit daardie huwelik. Die kerk moet hier mense begelei en die pad van vergifnis saam met hulle loop. Uiteindelik word die sluiting van 'n tweede huwelik moontlik, maar dan met groot oorleg om te verseker dat 'n mens nie dieselfde foute weer maak nie.

'n Huweliksverhouding word gebou op die liefde en genade van God. Onthou die goue reël: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.* (Ef 5: 21).

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Sing of lees Gesang 542 en vra een van die kinders om 'n gebed te doen.

*Jesus, ons loof U!
Jesus, ons prys U!
Laat ons met eng'le 'n loflied sing –
nie meer verlore;
U is gebore!
Ontvang die dank wat ons U bring!*

*Jesus, ons loof U!
 Jesus, ons prys U!
 Neem U ons harte en maak dit rein
 dat ons, gelowig,
 U dien met liefde –
 ontvang die lof van kinders klein.*

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle –

- die feite by IETS BELANGRIK in Les 19 gaan leer het.
- die volgende teks ken: *Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie* (1 Kor 6: 18a).

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Vandag gaan ons begin deur 'n groepbespreking te hou oor die volgende:
My aanstaande man aan wie ek verloof is en vir wie ek baie lief is, drink soms 'n bietjie te veel, en dan raak hy aggressief met die mense rondom ons en soms ook met my. Wanneer ons getroud is, sal ek hom help om te verander. Ek sal sorg dat hy minder drink en ek sal hom help om sy humeur beter te hanteer.
- Gee vir hulle die geleentheid om te sê of hulle dink dit gaan werk.

IETS INTERESSANT

- Gebruik MEER INLIGTING om die volgende gesprek te lei.
- Praat met hulle oor –
 - die huwelik as instelling van God.
 - hoe 'n huwelik volgens die Woord van God moet lyk.
 - die keuse van die regte huweliksmaat.
 - egskeiding.

IETS BELANGRIK

Laat almal die onderstaande gedeelte elkeen op hul eie voltooi.

Hoe belangrik is die volgende faktore vir jou by die keuse van 'n huweliksmaat? (1 = onbelangrik; 3 = gemiddeld; 5 = uiters belangrik)					
KENNIS VAN GOD EN DIE BYBEL	1	2	3	4	5
DIESELFDE GELOOF AS EK	1	2	3	4	5
DIESELFDE KERKVERBAND AS EK	1	2	3	4	5
KENNIS VAN JOUSELF EN JOU MAAT	1	2	3	4	5
AGTERGROND (wie hy of sy is, waar hy of sy vandaan kom, finansiële posisie, opleiding)	1	2	3	4	5

DIESELFDE KULTUUR AS EK	1	2	3	4	5
BELANGSTELLINGS (musiek, sport, buitelewe, ensovoorts)	1	2	3	4	5
LIGGAAMLIKE VOORKOMS	1	2	3	4	5
PERSOONLIKHEID	1	2	3	4	5
OUERS	1	2	3	4	5

Skerp die volgende feite by die kinders in:

- As 'n mens 'n lewensmaat kies, moet jy die *hulp van God vra* en altyd volgens sy *wil gaan lewe*.
- Uit Genesis lei ons af dat *man en vrou binne die huwelik mekaar se naaste naaste is*.
- Die Here het vir Adam 'n *helper, sy gelyke, gemaak*.
- Adam moes Eva aanvaar soos sy was – met foute en al.
- Toe die *sonde* gekom het, het dit des te meer *noodsaaklik geword dat ons mekaar se helpers sal wees*.
- Ons is *nie geskape om mekaar te veroordeel* oor ons sonde nie, maar om *mekaar te help*.
- Ons is ook mekaar se gelykes, almal in dieselfde bootjie – ewe sleg, ewe sondig.
- Adam en Eva was *kaal* toe die Here hulle geskape het – ons mag niks vir mekaar wegsteek nie.
- Die Here sê hulle *sal een wees* – hulle is *saam verantwoordelik vir alles* in hul lewe.
- Baie mense sien die huwelik as iets outyds, iets waarmee God niks te make het nie.
- Die Bybel leer ons dat die huwelik 'n verbintenis is wat alleen deur die dood beëindig kan word.
- Daar is twee dinge wat noodsaaklik is vir 'n huwelik om te slaag:
 - Ons moet weet hoe God wil hê huweliksmaats teenoor mekaar moet optree.
 - Die keuse van die regte huweliksmaat is uiters belangrik, en dit moet met gebed gepaardgaan.
- Wanneer ek die regte huweliksmaat wil kies, moet ek met my *hart en my verstand* kies.
- Die volgende moet ek duidelik vir myself uitmaak:
 - Ek moet hierdie ander persoon baie goed ken.
 - Ons geloof moet dieselfde wees, en ons moet verkieslik in dieselfde kerkverband kan tuis wees.
 - Ons agtergronde en kultuur moet by mekaar pas.
 - Ons belangstellings kan verskil, maar ons moet sekere dinge deel.
- Egskeiding is sonde, en daarom moet egskeiding altyd die heel laaste uitweg wees.
- Ek moet altyd bereid wees om te vergewe. Ek is 'n sondaar en ek trou met 'n sondaar.
- Die kerk aanvaar dat daar by God vergifnis is vir die geskeides, maar dat God daarmee saam opregte berou oor ons sondes verwag.
- Die goue reël: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig (Ef 5: 21)*.

IETS OM TE DOEN

- Hou 'n bespreking oor die vraelys wat hulle ingevul het.
- Laat hulle die huweliksformulier deurlees en die volgende vrae in hul boeke beantwoord, en bespreek dit daarna.

Formulier vir die bevestiging van 'n huwelik

Die Here God het gesê: *Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.* Daarom het Hy vir die mens 'n vrou gemaak en haar na hom toe gebring. God self het dus die huwelik ingestel.

Die huwelik is onverbreeklik. Van die huweliksband sê die Here Jesus: *Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie.* Hy leer ons dat dit God se wil is dat die huwelik alleen deur die dood ontbind mag word.

God se Woord onderrig man en vrou ook oor hoe hulle teenoor mekaar moet optree: *Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie. Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, soos dit pas by mense wat in die Here glo.* Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. Vestig u hoop op God en bewys eerbied aan mekaar, omdat u saam deel in die lewe as genadegawe.

In die beproewings en teëspoed wat op aarde en ook in die huwelik voorkom, wil God ook sy seën en hulp skenk. U moet in u harte seker wees van God se hulp en in die vertroue lewe dat Hy sy bystand aan u wil verleen, selfs wanneer u dit glad nie verwag nie.

Deel in mekaar se omstandighede, wees nederig en sagmoedig, goedgesind en verdraagsaam teenoor mekaar. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here u vergewe het, moet u mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet u mekaar liefhê. Dit is die band wat u tot volmaakte eenheid saambind. Laat die vrede wat Christus gee, in u lewens die deurslag gee. God het u immers geroep om in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in u bly. Wat u ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

VRAE

- Wie het die huwelik ingestel?
(God.)
- Hoekom, sê God, het Hy die huwelik ingestel?
(*Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.*)
- Wat sê die Here Jesus van die huweliksband?
(*Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie.*)
- In die formulier staan: *Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie. Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, soos dit pas by mense wat in die Here glo.*
Voltooi: Wees aan onderdanig.
(*uit eerbied vir Christus*)(mekaar)
- Waarvan moet mense wat trou in hul harte verseker wees?
(*God se hulp; hulle moet in die vertroue lewe dat Hy sy bystand aan u wil verleen, selfs wanneer u dit glad nie verwag nie.*)
- Vul die ontbrekende woorde in: Deel in mekaar se, wees en sagmoedig, goedgesind en verdraagsaam teenoor mekaar. Wees met mekaar en mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here u vergewe het, moet u mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet u mekaar
(*omstandighede*) (*nederig*) (*geduldig*) (*vergewe*) (*liefhê*)

BY DIE HUIS

DOEN

Herinner die kinders om die volgende opdrag in Les 21 te voltooi: Skryf 'n paragraaf of twee oor wat jy dink die belangrikste in die huwelik behoort te wees en hoe jy jou huweliksmaat gaan kies.

LEER

Herinner die kinders om die volgende teksvers te leer: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig* (Ef 5: 21).

BELANGRIK:

Indien jy nie die vrymoedigheid het om Les 21 te hanteer nie, sou dit raadsaam wees om 'n kenner te vra om die inhoud van die les te kom aanbied. Maak net seker dat die persoon bekend is met die beskouings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Raadpleeg jou predikant in dié verband. Reël betyds met die persoon.

AFSLUITING

Vra een van die kinders om af te sluit met gebed.